

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Hattingh v Hattingh (4210/2010)

[2010] ZAFSHC 173; 2014 (3) SA 162 (FB) (23 December 2010)

[2010] ZAFSHC 173

COURT

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

C Van Zyl, R

CASE / FILE NUMBER

4210/2010

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer : 4210/2010

In die saak tussen:-

JOHANNES PETRUS HATTINGHEiser

en

FANTI BEKKER HATTINGHVerweerder

UITSPRAAK DEUR: VAN ZYL, R

GELEWER OP: 23 DESEMBER 2010

Eiser het verweerder gedagvaar vir die volgende regshulp ooreenkomstig die besonderhede van vordering:

“1. Betaling van die bedrag van R5 870 986-67;

Rente op die voormelde bedrag teen ‘n koers van 10% per jaar gereken vanaf 1 Julie 2010 tot datum van betaling, alternatiewelik teen 15,5% per jaar a tempore morae;

Lewering van die registrasiedokumente, alternatiewelik oordragdokumente van:

(i) ‘n Platbak Hoëspoed 10 ton Kunsmiswa;

(ii) Du Plessis W A 8 ton Massabak;

Ex Weermag 2 wiel 1000L tank;

‘n Stoneys Wa bakkie – registrasieletters en –nommers BXC 712 FS;

‘n 1000L Dieselkar – registrasieletters en – nommers BXC 716 FS;

4. Koste op die skaal soos tussen prokureur en eie kliënt.”

Nadat verweerder ‘n kennisgewing van voorneme om te verdedig geliasseer het, het eiser ‘n aansoek om summiere vonnis geliasseer op die basis dat summiere vonnis ooreenkomstig bedes 1, 2, 3, 4 en 5 van die besonderhede van vordering teen verweerder gevorder word.

Daaropvolgend het verweerder ‘n opponerende verklaring tot die aansoek om summiere vonnis geliasseer. Ooreenkomstig die kennisgewing van terrolleplasing wat daarna deur eiser geliasseer is, is aangedui dat eiser sal aansoek doen vir die volgende bevel:

Summiere vonnis word toegestaan teen die verweerder ten gunste van die eiser vir betaling van die bedrag van R5 870 986-67 plus rente daarop teen die koers van 10% per jaar gereken vanaf 1 Julie 2010 tot datum van betaling;

(b) Verweerder word beveel om die eiser se koste met betrekking tot die aansoek om summiere vonnis te betaal op die basis soos tussen prokureur en eie kliënt;

(c) Verlof word verleen aan die verweerder om die aksie te verdedig met betrekking tot die ander eise van die eiser.”

Dit dien vermeld te word dat verweerder se opponerende verklaring laat geliasseer is onder omstandighede wat uiteengesit is in paragraaf 4 van verweerder se opponerende verklaring, waarin ook versoek is dat kondonاسie aan verweerder verleen word daarvoor. Sonder om met die detail van die redes vir sodanige laat liassering te handel, volstaan ek deur te vermeld dat dit voortgespruit het uit uiters traumatiese en tragiese omstandighede aan die kant van verweerder se prokureur van rekord wat betref sy gesinslewe en het eiser, na my mening heeltemal tereg, nie verweerder se aansoek om kondonاسie hieromtrent teengestaan nie. Ongelukkig spreek dit van regsweë dat verweerder egter steeds aanspreeklik is vir enige koste veroorsaak deur die aansoek om kondonاسie.

Ek het gevolglik voortspruitend uit die aanhoor en beregting van die aansoek, die volgende bevel verleen op 23 Desember 2010:

“1. Kondonاسie word aan verweerder verleen vir die laat liassering van sy opponerende verklaring, die koste waarvan deur verweerder betaal moet word.

2. Ten opsigte van bedes 1 en 2 van die besonderhede van vordering, word summiere vonnis ten gunste van eiser verleen in die bedrag van R5 870 986-67 plus rente teen 10% per jaar bereken vanaf 1 Julie 2010 tot datum van betaling, tesame met koste op ‘n skaal soos tussen prokureur en eie kliënt.

3. Ten opsigte van bede 3 van die besonderhede van vordering, word verlof aan verweerder verleen om die aksie te verdedig, met koste om oor te staan vir latere beregting.”
- [4] Wat hierin volg is die redes vir die verlening van summiere vonnis ooreenkomstig paragraaf 2 van voormelde bevel.
- [5] Die eiser se skuldoorsaak is ooreenkomstig die besonderhede van vordering gebaseer op ‘n “skriftelike beëindigings ooreenkoms” (hierinlater na verwys as “die kontrak”), gesluit tussen die partye op 31 Julie 2009, ‘n afskrif waarvan aangeheg is tot die besonderhede van vordering as aanhangsel “A”. In die kontrak, wat aan die bokant daarvan getiteld is “Beëindigings Ooreenkoms”, is die volgende in paragraaf 3 daarvan genotuleer:

“AGTERGROND EN DOEL:

- 3.1 Die partye hiertoe is twee broers wat vir die afgelope paar dekades sake doen in samewerking met mekaar, onder andere deur gebruik te maak van die regsentiteite.
- 3.2 Die partye het tot dusver alle regte en belange in die verskillende regsentiteite en aangeleenthede daarby betrokke, in gelyke aandele gehanteer.
- 3.3 Die partye het besluit om hulle verbintenis en gemeenskaplike sakebelange te beëindig en wel op die basis soos hierna uiteengesit.”

In paragraaf 2 van die kontrak is na ‘n verskeidenheid regsentiteite verwys en is genotuleer dat insoverre daar na “regsentiteite” verwys word in die kontrak, daar na sodanige gelyste entiteite verwys word, ongeag of dit regtens as ‘n afsonderlike regsentiteit beskou word, aldan nie.

In terme van die kontrak is, inter alia, as volg ooreengekom tussen eiser (na wie in die kontrak verwys word as “Johan”) en verweerder (na wie in die kontrak verwys word as “Fanti”):

“4.8 As ‘n verdere quid pro quo vir die sluit van hierdie ooreenkoms sal Fanti betaal aan Johan of sy genomineerde die verdere bedrag van R6 604 860-00 en wel as volg:

By wyse van jaarlikse paaieimente van R733 873-33 elk betaalbaar voor of op die eerste dag van die kalendermaand Julie van elke opeenvolgende kalenderjaar, die eerste betaling te geskied op 1 Julie 2010.

Betaling sal geskied by wyse van betalings aan Johan te sodanige adres as wat Johan van tyd tot tyd skriftelik aan Fanti se prokureur kennis van mag gee.

Fanti sal nie verplig wees nie om enige rente met betrekking hiertoe te betaal, met dien verstande dat die betalings stiptelik voor of op die vervaldatum gemaak word.

Indien enige paaieiment nie stiptelik voor of op die vervaldatum betaal is nie, sal die onbetaalde saldo van die voormelde bedrag van R6 604 860-00 ter stond betaalbaar wees tesame met rente daarop gereken vanaf die sperdatum van die onbetaalde paaieiment tot datum van betaling van die volle saldo en wel teen die koers gelykstaande aan Standard Bank se prima bank oortrokke rekeningkoers.

Alle betalings sal gemaak word sonder enige aftrekkings en ongeag die moontlike bestaan van enige moontlike beweerde teeneise wat Fanti of enige van die regsentiteite teen Johan mag hê.

4.9 Indien Johan enige regmatige regstappe neem ter beskerming van enige van sy belange uit hoofde hiervan sal Fanti aanspreeklik wees vir betaling van al Johan se regskoste in daardie aangeleenthede soos tussen prokureur en eie kliënt”.

- [7] In die besonderhede van vordering het eiser beweer dat hy al sy verpligtinge in terme van die kontrak nagekom het, maar dat verweerder kontrakbreuk gepleeg het deurdat hy nagelaat het om voormelde jaarlikse paaïement van R733 873-33 aan eiser te betaal voor of op 1 Julie 2010, deurdat betaling daarvan eers geskied het op 6 Julie 2010. Dit is voorts beweer dat Standard Bank se prima bank oortrokke rekeningkoers op datum van uitreiking van dagvaarding 10% was. Daar is dan gevolglik beweer dat as gevolg van verweerder se kontrakbreuk, die balans van die kapitaal verskuldig aan eiser deur verweerder onmiddellik opeisbaar en betaalbaar geraak het, synde “R6 604 860-00 minus R733 873-33 = R5 870 986-67 met rente daarop teen ‘n koers van 10% per jaar bereken vanaf 1 Julie 2010 tot datum van betaling”.
- [8] Dit blyk uit verweerder se opponerende verklaring dat verweerder die volgende verwere daarin geopper het:

Hoewel erken word dat die paaïement nie betaal is ooreenkomstig die terme van die kontrak op 1 Julie 2010 nie, is dit wel gedoen op 6 Julie 2010, welke laat betaling eiser aanvaar het ooreenkomstig ‘n beweerde skrywe van Johann Bornman, Finansiële Adviseur, onderteken deur eiser op 7 Julie 2010. Daar is gevolglik beweer dat eiser sy eleksie uitgeoefen het om die ooreenkoms in stand te hou en vir hierdie rede die betaling aanvaar het en nie teruggetender het nie.

Eiser is nie geregtig op summiere vonnis nie, aangesien die dagvaarding prematuur is. In die verband is as volg in paragraaf 6 van die opponerende verklaring beweer:

“Soos blyk uit die skikkingsooreenkoms aangegaan tussen myself en die eiser, aangeheg tot die eiser se besonderhede van vordering, is beide van ons besigheidsmense en boere. Hoewel ons broers is, is ons nie afhanklik van mekaar of enigeen van die twee afhanklik van die ander een nie. Ons bedryf elkeen ons eie besighede. Paragraaf 4.8 van Aanhangsel “A” voorveronderstel die afbetaling van sekere gelde aan die eiser by wyse van jaarlikse paaïemente met sekere voorwaardes soos daarin uiteengesit en is in wese niks anders as ‘n skulderkenning nie. Ek is geadviseer dat alvorens die eiser hierin dagvaarding kon uitreik, hy ‘n behoorlike aanmaning soos bedoel in Artikel 129 van die Nasionale Kredietwet, 34 van 2005, op my moes beteken het. Ek doen aan die hand dat dit ‘n statutêr voorgeskrewe vereiste is en dat in die afwesigheid van die nakoming van die bepalinge van Artikel 129 van die voormelde Wet, die dagvaarding in die geheel prematuur is en sal ek onder andere die verweer voer by die verhoor. Vir daardie rede alleen moet die aansoek om summiere vonnis van die hand gewys word met koste. Die voormelde bepaling is uiteraard slegs van toepassing op eis 1”.

Verweerder het voorts in paragraaf 6 van die opponerende verklaring vermeld dat hoewel hy nie met enige verdere verwere in terme van die Nasionale Kredietwet handel nie, hoewel sodanige verwere tot sy beskikking is, hy geadviseer is dat dit nie tans nodig is nie. Indien verlot aan hom verleen word om die aksie te verdedig, hy wel daarmee sal handel in die verweerskrif.

8.4 Voorts het verweerder aan die hand gedoen dat selfs indien verweerder verkeerd is in die aanvoering van sy voormelde verwere, die Hof sy diskresie teen die eiser behoort uit te oefen en nie summiere vonnis verleen nie. In die verband het verweerder daarop gesteun dat eiser self die terme van die kontrak waarop hy steun, verbreek het, deurdat eiser gedurende Mei 2010, in stryd met die kontrak, 'n lig mas-paal op verweerder se plaas, Lovedale, verwyder het. Verweerder verwys dan na sekere skrywes aangeheg tot die opponerende verklaring in die verband.

Ten spyte van voormelde verwere vervat in die opponerende verklaring, het dit duidelik uit Mnr Reinders, namens verweerder, se betoogshoofde sowel as sy mondelinge betoog in die Hof geblyk dat verweerder slegs volhard met die verweer uiteengesit in subparagraaf 8.2 hierbo, synde dat die dagvaarding prematuur is vanweë die nie-nakoming van die bepalinge van artikel 129 van die Nasionale Kredietwet, 34 van 2005 (hierinlater na verwys as "die Nasionale Kredietwet" of "die Wet").

Gegewe dat eiser gevolglik nie meer gesteun het op enige ander verwere dan laasgenoemde verweer nie, gaan ek derhalwe slegs met laasgenoemde verweer handel, uiteraard steeds met inagneming van my diskresie wat geld by die oorweging van die verlening van summiere vonnis, aldan nie.

[10] Mnr Reinders se eerste betoog was daarop geskoei dat daar moontlik tydens die verhoor getuienis aangebied kan word, hetsy deur eiser, hetsy deur verweerder, wat sodanige ander lig op die verrigtinge kan werp as wat tans voor die Hof dien dat dit nie gepas is om op hierdie stadium, sonder die aanhoor van getuienis, summiere vonnis te verleen nie. In die verband het hy aan die hand gedoen dat eiser moontlik by die verhoor kan bewys dat hy inderdaad geregistreer is as 'n kredietverskaffer, dat die aanmaning waarna in paragraaf 5 van die besonderhede van vordering verwys word wel 'n aanmaning ooreenkomstig Artikel 129 van die Nasionale Kredietwet was en dat die verweer wat tans deur verweerder geopper word, nie 'n bona fide verweer daarstel nie. Verweerder kan dan op verhoorstadium met koste gepenaliseer word ten opsigte van die koste van die aansoek

om summiere vonnis. Daarteenoor, aldus sy betoog, is dit tans onbekend wat die voorafgaande causa tot die kontrak is en kan eiser moontlik by die verhoor getuienis aanbied met betrekking tot die voorafgaande causa tot die kontrak op grond waarvan moontlik bevind kan word dat die kontrak inderdaad 'n kredietooreenkoms is. Mnr Reinders het dus aan die hand gedoen dat in die afwesigheid van sodanige getuienis, daar nie op summiere vonnis stadium bepaal of besluit behoort te word of die onderhawige kontrak ooreenkomstig die bedoeling van die wetgewer 'n kredietooreenkoms daarstel, aldan nie.

Teenoor voormelde het Mnr de Bruin, namens eiser, betoog dat verweerder nie kan steun op dit wat “kan gebeur” of “moontlik gebeur” by die verhoor “indien” sekere getuienis aangebied word onder omstandighede waar sodanige getuienis of feite nie in die opponerende verklaring vervat is nie. Hy het daarop gewys dat die enigste verweer hieromtrent wat in die opponerende verklaring uiteengesit is, tot dien effek is dat verweerder beweer dat die kontrak ‘n skikkingsooreenkoms is wat ‘n skulderkenning daarstel wat ooreenkomstig die bepalings van die Nasionale Kredietwet ‘n kredietooreenkoms is, dat hy nie ‘n aanmaning ooreenkomstig die bepalings van Artikel 129 van die Wet ontvang het nie en dat in die afwesigheid van sodanige aanmaning, die dagvaarding prematuur is. Mnr de Bruin het gevolglik betoog dat in die afwesigheid van enige ander feitelike bewerings, die kontrak beoordeel moet word soos dit tans staan en dat dit gevolglik bloot ‘n regspraak is wat beslis moet word, synde of die kontrak binne of buite die kader van die bepalings van die Nasionale Kredietwet val, welke regspraak wel ten tyde die summere vonnis verrigtinge kan en behoort beslis te word.

[11] Ek stem met voormelde kontensies van Mnr de Bruin saam. Soos ook aangehaal in sy betoogshoofde, lees Hofreël 32(3)(b) as volg:

“(3) By die aanhoor van ‘n aansoek om summere vonnis kan die verweerder –

- (a);
- (b) die hof oortuig deur middel van ‘n beëdigde verklaring..... dat hy ‘n bona fide verweer teen die aksie het. Die beëdigde verklaring moet die aard en gronde van die verweer en die wesenlike feite waarop dit berus, volledig aangee”. (eie beklemtoning)

In die welbekende uitspraak van BREITENBACH v FIAT SA (EDMS) BPK 1976 (2) SA 226 (T) op 228 D – E is voormelde vereiste as volg verwoord:

“...that the statement of material facts be sufficiently full to persuade the Court that what the defendant has alleged, if it is proved at the trial, will constitute a defence to the plaintiff’s claim”.

In MAHARAJ v BARCLAYS NATIONAL BANK LTD 1976 (1) SA 418 (A) is dit as volg gestel op 426 C – D:

“The word ‘fully’ as used in the context of the Rule (and its predecessors), has been the cause of some judicial controversy in the past. It connotes, in my view, that, while the defendant need not deal exhaustively with the facts and the evidence relied upon to substantiate them, he must at least disclose his defence and the material facts upon which it is based with sufficient particularity and completeness to enable the Court to decide whether the affidavit discloses a bona fide defence”.

[12] Gedagtig aan Mnr Reinders se argument, is dit onteenseglik duidelik uit die besonderhede van vordering dat eiser nie daarop steun dat eiser ‘n geregistreerde kredietverskaffer is en (derhalwe) ‘n aanmaning ooreenkomstig die bepalings van Artikel 129 van die Nasionale Kredietwet aan Verweerder verskaf het nie. Geen feitelike bewerings is ook in die verband deur verweerder in sy opponerende verklaring gemaak nie. Wat verweerder se verweer betref, is daar insgelyks ook geen wesenlike feite of bewerings gemaak ter ondersteuning

van die “potensiële bevindings” wat Mnr Reinders argumenteer moontlik by die verhoor bevind kan word nie. Hierdie “potensiële verwere” van verweerder wat deur Mnr Reinders geargumenteer is, voldoen dus nie aan die bepalings van Hofreël 32(3)(b) nie en kan gevolglik na my mening nie ten gunste van verweerder in ag geneem word nie.

- [13] Ek is dit eens met Mnr de Bruin se argument dat gegewe die aard van die verweer wat wel deur verweerder in sy opponerende verklaring uiteengesit is, ek slegs genoodsaak is om te beslis of die kontrak, soos dit staan, binne die kader van die Nasionale Kredietwet val, aldan nie. Vir doeleindes van verweerder se verweer, soos verwoord deur Mnr Reinders in sy mondelinge betoog aan die Hof, steun verweerder op die bepalings van Artikel 8(4)(d) en veral 8(4)(f) van die Nasionale Kredietwet op grond waarvan beweer word dat die kontrak in die onderhawige geval ‘n kredietooreenkoms daarstel. Vir doeleindes hiervan lees die tersaaklike bepalings van Artikel 8 as volg:

“8(1) Subject to subsection (2), an agreement constitutes a credit agreement for the purposes of this Act if it is –

- (a)
- (b) a credit transaction, as described in subsection (4);”.

Artikel 8(4) bepaal dan voorts as volg:

“8(4) An agreement, irrespective of its form but not including an agreement contemplated in subsection (2), constitutes a credit transaction if it is –

- (b)
- (c)
- (d) or secured loan;
- (e)
- (f) any other agreement, other than a credit facility or credit guarantee, in terms of which payment of an amount owed by one person to another is deferred, and any charge, fee or interest is payable to the credit provider in respect of –
 - (i) the agreement; or
 - (ii) the amount that has been deferred.”

- [14] Vir doeleindes van Artikel 8(4)(f), het Mnr Reinders gesteun op die bepalings van klousules 4.8 en 4.9 van die kontrak, welke ek reeds in paragraaf 6 hierbo aangehaal het.

Vir doeleindes van Artikel 8(4)(d), met verwysing na ‘n “secured loan”, het Mnr Reinders gesteun op klousule 5.5 van die kontrak wat, onder andere, as volg lees:

“Fanti sal op sy koste reël vir die registrasie van ‘n eerste verband oor die plaas Lovedale ten gunste van Johan ter versekering van betaling van die bedrag van R6 604 860-00 waarna verwys word in klousule 4.8 hierbo, op sodanige terme en voorwaardes wat normaalweg in sodanige gevalle van toepassing is en wat deur Johan se prokureur goedgekeur sal word, welke verband geregistreer sal wees voor of op 30 Oktober 2009 en welke oorspronklike verbandakte na registrasie daarvan gelewer sal word aan Johan se prokureur onmiddellik nadat dit deur die Atekantoor afgelewer is....”

- [15] Mnr Reinders het dan voorts gesteun op die uitspraak in CARTER TRADING (PTY) LTD v BLIGNAUT 2010 (2) SA 56 (ECP), welke hy gesubmiteer het soortgelyke feite as in die onderhawige geval is en waar die Hof bevind het dat die skulderkenning in daardie geval ‘n kredietooreenkoms daarstel soos bedoel in die Nasionale Kredietwet. Aan die hand van hierdie uitspraak het hy dus betoog dat dit insgelyks in die onderhawige geval geld.
- [16] In voormelde CARTER TRADING-beslissing het dit gehandel oor ‘n dokument wat tipies is aan dit wat in die handelswêreld algemeen bekend is as ‘n skulderkenning en was dit dan ook nie in dispuut dat die dokument ‘n skulderkenning daarstel nie. Die skuldoorsaak agterliggend tot die skulderkenning was goedere verkoop en gelewer aan die verweerder. In die verband het die besonderhede van vordering die volgende bewerings vervat, soos uiteengesit op 48 B – D van die uitspraak:

“(a) That the defendant on 23 December 2008 signed a acknowledgment of debt in respect of goods sold and delivered to the defendant;

- (b) That in terms of the acknowledgment of debt the defendant acknowledged that she was indebted to the plaintiff in the amount of R107 082-30 and that the amount was to be paid in full by 16h00 on 24 December 2008, being the date immediately after the date on which the acknowledgment of debt was signed;
- (c) That the defendant failed to pay the debt so owed to the plaintiff.”

In ‘n aansoek om summiere vonnis moes die Hof beslis of die tersaaklike erkenning van skuld ‘n kredietooreenkoms daarstel soos bedoel in die Nasionale Kredietwet. Die Hof het as volg op 51 B – C beslis:

“[17] In the application of these terms of the acknowledgment of debt to the provisions of s 8(4)(f) of the Act, it would appear that those terms are exactly what is envisaged in the Act to be a credit agreement, namely an agreement in terms of which payment is deferred and at least a fee or charge is payable in respect of the acknowledgment of debt, and interest and legal fees are payable in the event of a failure by the defendant to pay the amount as agreed therein.

- [18] For this reason alone the acknowledgment of debt in my opinion clearly falls within the ambit of the provisions of s 8 of the Act and, therefore, constitutes a credit agreement as envisaged in the Act”.

Die Hof het dit klaarblyklik egter nie voldoende gevind om met voormelde bevinding te volstaan nie. Dit blyk uit die volgende aanhaling op 51 D:

“[19] There are in my opinion also other and, perhaps, even more persuasive considerations on which the acknowledgment of debt in question must be adjudged as being a credit agreement envisaged in the Act”.

Die Hof het vervolgens verwys na die bepalings van Artikel 8(3) van die Nasionale Kredietwet en daaropvolgend op 51 I en verder bevind:

“[22] It is apparent from these provisions that an agreement in terms of which a credit provider undertakes to supply goods to a consumer and to defer the consumer’s obligation to pay any part of the cost of such goods, together with any charge, fee or interest payable to the credit provider in respect of any amount so deferred, is regarded as a credit facility and therefore to be a credit agreement.

[23] Insofar as the plaintiff provided goods to the defendant on credit on the basis set out in the acknowledgment of debt which was eventually concluded, it would appear that such an agreement would in any event have been a credit agreement.

[24]

[25] In my opinion, the acknowledgment of debt in this matter is not a novation of the obligations of the defendant under the agreement in respect of the goods sold and delivered. It rather appears that the acknowledgment of debt has been intended to be a confirmation that creates a further obligation relating to the same performance and not as a replacement of the obligation which existed under the agreement in respect of the goods sold and delivered.....

[26] In my opinion, the acknowledgment of debt is indeed a credit agreement as envisaged in the Act.....”

[17] Mnr de Bruin het egter betoog en aan die hand gedoen dat die feite in die onderhawige geval verskil van dié in voormelde CARTER TRADING-beslissing deurdat daar in die onderhawige geval nie ‘n voorafgaande skuld in die vorm van ‘n kredietooreenkoms bestaan het ten opsigte waarvan daar nou by wyse van die kontrak ‘n onderneming is om dit op ‘n bepaalde wyse af te betaal nie. In die onderhawige geval, aldus sy betoog, is die kontrak self die verbintenisskeppende ooreenkoms wat tussen die partye gesluit is voortspruitend uit die beëindiging van hul bedryf van gemeenskaplike sakebelange. Verdermeer het Mnr de Bruin betoog dat dit nie die bedoeling van die wetgewer was dat ieder en elke ooreenkoms wat gesluit word in terme waarvan een party geld aan ‘n ander afbetaal en rente en/of koste ten opsigte daarvan betaal, ‘n kredietooreenkoms daarstel nie.

[18] Wanneer klousules 4.8 en 4.9 van die kontrak in isolasie gelees word, blyk dit inderdaad te val binne die omskrywing van ‘n kredietooreenkoms soos bedoel in Artikel 8(1)(b), saamgelees met die bepalings van Artikel 8(4)(f) van die Nasionale Kredietwet. Wanneer die bepalings van klousule 5.5 van die kontrak in samehang met voormelde klousules 4.8 en 4.9 van die kontrak gelees word, blyk dit insgelyks op sigwaarde daarvan te val binne die omskrywing van ‘n “secured loan”, soos bedoel in Artikel 8(1)(b), saamgelees met die bepalings van Artikel 8(4)(d) van die Nasionale Kredietwet.

[19] Na my mening stop die vraagstuk egter nie daar nie. Dit is welbekend dat die sogenaamde goue reël met betrekking tot die interpretasie van statute, die volgende behels:

“The golden rule requires adherence to the ‘plain words’ of a statute unless this would lead to an absurdity or to a result contrary to the intention of the legislature. Faced with any of the latter prospects, a court may part with the literal meaning of a provision in an attempt to eliminate the absurdity or to give effect to the ‘true intention’ of the legislature.”

Sien THE LAW OF SOUTH AFRICA, 1st RE-ISSUE, VOL

25, PART 1, PAR 309,

p. 290 en die gesag aldaar

aangehaal.

[20] Ten einde die bedoeling van die wetgewer vas te stel, meen ek dat daar ten eerste op die aanhef tot die Nasionale Kredietwet gelet moet word, waarvan die tersaaklike gedeeltes vir doeleindes van hierdie uitspraak as volg lees:

“To promote a fair and non-discriminatory marketplace for access to consumer credit and for that purpose to provide for the general regulation of consumer credit and improved standards of consumer information; to promote black economic empowerment and ownership within the consumer credit industry; to prohibit certain unfair credit and credit-marketing practices; to promote responsible credit granting and use and for that purpose to prohibit reckless credit granting; to provide for a debt re-organisation in cases of over indebtedness; to regulate credit information; to provide for registration of credit bureaux, credit providers and debt counselling services; to establish national norms and standards relating to consumer credit; to promote a consistent enforcement framework relating to consumer credit;”

[21] Saam met voormelde, moet die doel van die Wet in ag geneem word, die oorkoepelende doel waarvan as volg in Artikel 3 daarvan omskryf word:

“The purposes of this Act are to promote and advance the social and economic welfare of South Africans, promote the fair, transparent,

competitive, sustainable, responsible, efficient, effective and accessible credit market and industry, and to protect consumers.....”

Die wyses waarop voormelde doelwit bereik moet word, is dan volledig uiteengesit in Artikel 3(a) tot (i) van die Nasionale Kredietwet, welke ek nie hierin aanhaal nie, maar dit uiteraard in ag neem. Wat egter duidelik uit Artikel 3 blyk, is dat die Wet uitgesproke sosio-ekonomiese doelstellings het. Sien GUIDE TO THE NATIONAL CREDIT ACT, JW SCHOLTZ et al PAR 20.3, p. 2-6 tot p. 2-8

[22] Artikel 2(1) van die Nasionale Kredietwet bepaal dan ook spesifiek dat die interpretasie van die Wet moet geskied op 'n wyse wat uiting gee aan die doelwitte van die Wet uiteengesit in Artikel 3 van die Wet. Gevolglik vermeld die geleerde skrywers in voormelde GUIDE TO THE NATIONAL CREDIT ACT, supra, par 2.4 op p. 2-9 ook as volg:

“Section 2(1) provides explicitly that the National Credit Act must be interpreted in a manner that gives effect to the purposes set out in Section 3. It would be a mistake, therefore, to dismiss Section 3 as simply a wish list of lofty ideals. It will have a real and often decisive effect on the interpretation of the Act. This interpretation will in all instances be purposive in the real sense of the word”.

[23] In ABSA BANK LIMITED v DE VILLIERS 2009 (5) SA 40 (C) par 27 is voormelde beginsel as volg gestel:

“In interpreting the relevant provisions of the NCA, one should remind yourself that a purposive construction is called for. As emphasised

in Department of Land Affairs and Others v Goedgelegen Tropical Fruits (Pty) Ltd [2007] ZACC 12; 2007 (6) SA 199 (CC) at par 52-3 it is necessary that the provisions of the NCA should be read in the light of the subject matter with which they are concerned, to enable the Court to arrive at the true intention of the legislature”.

Sien ook EX PARTE FORD 2009 (3) SA 376 (WCC) op 384

F – G

In BMW FINANCIAL SERVICES (SA) (PTY) LTD v MUDALY 2010 (5) SA 618 (KZD), para 16 is die doelstellings van die Wet as volg verwoord:

“[16] ... The purposes of the Act are set out in S 3 and it is unnecessary to rehearse them in full here. They are directed at providing protection to the consumer and redressing the imbalance that will usually exist between the credit provider and the consumer. They aim to prevent exploitation of the consumer by reckless lending and to facilitate the resolution of the difficulties that the afflict consumers who become over-indebted. In doing so a balance is to be struck between the interest of the consumer and those of the credit provider....”

Sien ook NEDBANK LTD AND OTHERS v THE NATIONAL

CREDIT REGULATOR AND ANOTHER 2011 (3) SA 581

(SCA) para 1 tot 2

[24] Tesame met voormelde statutêr neergelegde wyse van interpretasie van die Nasionale Kredietwet, moet die volgende tersaaklike beginsels soos uiteengesit in VOLTEX v CHENLEZA 2010 (5) SA 267 (KZP) op p. 271, para 25 – 26 ook deeglik in ag geneem word:

“[25] The purpose of the Act is to afford protection to the consumers in credit transactions. With regard to its interpretation in application s 2 of the Act provides:

‘(1) this Act must be interpreted in a manner that gives effect to the purposes set out in Section 3.

(2) any person, court or tribunal interpreting or applying this Act may consider appropriate foreign and international law.’

[26] Whether or not the Act applies the agreement and the extent to which it applies, is determined by classification, and the definitions set out in s 8(1), (3), (4) and

(5) of the Act. In making such determination, the nature, the subject-matter, substance, purpose and the function of a particular agreement, as well as the intention of the parties gathered from their conduct, should be taken into account and form the basis of the prime considerations in this regard. See *Bridgeway Ltd v Markam* [2008] ZAGPHC 251; 2008 (6) SA 123 (W).” (Eie beklemtoning.)

[25] Na my mening blyk die aard en substansie van die kontrak gesluit tussen die partye, te wees ‘n ooreenkoms wat die verhouding tussen die partye reguleer voortspruitend uit die besluit van die partye om die besigheid en sake wat hulle vir “die afgelope paar dekades” in samewerking met mekaar gedoen het, te beëindig op die basis soos uiteengesit in die kontrak. Hier is nie sprake van ‘n kredietverskaffer/verbruiker verhouding soos waarmee die Nasionale Kredietwet duidelik mee handel nie. Wanneer dit en dus die bedoeling van die partye tot die kontrak in ag geneem word teen die agtergrond van die doelstellings van die Nasionale Kredietwet en die Nasionale Kredietwet ooreenkomstig sodanige doelstellings geïnterpreteer word soos vereis in Artikel 2 van die Wet, meen ek dat dit nie die bedoeling van die wetgewer kon wees dat ‘n kontrak soos die onderhawige geag moet word ‘n kredietooreenkoms te wees nie. Hoewel eiser, op sigwaarde van die Nasionale Kredietwet, voldoen aan die definisie van ‘n “credit provider” soos vervat in Artikel 1 daarvan, is ek van mening dat wanneer die doel van die Wet in ag geneem word, saamgelees met die totale konteks van die Wet, dit sekerlik nie die bedoeling kon wees dat die eiser in ‘n geval soos die onderhawige geag moet word ‘n kredietverskaffer te wees met die gepaardgaande verpligtinge soos bedoel in die Wet nie. Soos deur

Mnr de Bruin betoog, sal dit die absurditeit tot gevolg hê dat wanneer ‘n getroude paar getroud in gemeenskap van goedere skei en ‘n akte van dading sluit met betrekking tot die verdeling van die gemeenskaplike boedel en die een eggenoot aan die ander uitstel verleen vir die betaling van wat hy voortspruitend daaruit skuld by wyse van paaïemente en onderworpe aan die betaling van rente en regs-koste, geag sal moet word ‘n kredietooreenkoms te wees in terme waarvan die eiser daarin as ‘n kredietverskaffer sal moet registreer indien dit ‘n sekere bedrag te bowe gaan.

[26] By ‘n behoorlike uitleg van die Nasionale Kredietwet is ek oortuig dat die verhouding wat tussen die partye in die onderhawige geval by wyse van die kontrak gereël word, nie geag kan word ‘n verhouding te wees wat deur die doelstellings van die Wet getref word nie.

[27] Wat betref die toepaslikheid van die CARTER TRADING- beslissing in die onderhawige geval, meen ek dat die feite en die kontrak ter sprake in daardie geval, onderskeibaar is van die onderhawige geval.

[28] Wat die kontrak as sulks betref, is dit eerstens nodig om daarop te let dat daardie uitspraak klaarblyklik nie bedoel was om van toepassing te wees op iedere en elke skulderkenning nie, deurdat daar in paragrawe 8 en 9 van die uitspraak telkens gespesifiseer is dat waaroor beslis moet word is of “the acknowledgment of debt concerned” (eie beklemtoning) ‘n kredietooreenkoms in terme van die Wet daarstel. Verdermeer was dit in daardie geval nie in dispuut dat die tersaaklike dokument ‘n tipiese “skulderkenning”, soos algemeen bekend in die handelswêreld, daarstel nie. Die verhouding tussen die partye was ook ‘n tipiese kredietverskaffer teenoor verbruiker verhouding. Gevolglik het die Hof in daardie geval die bevinding dat die tersaaklike skulderkenning binne die omskrywing van Artikel 8(4)(f) van die Wet daarstel en gevolglik ‘n kredietooreenkoms soos voorsien in die Wet is, bloot gebaseer op die definisie van ‘n kredietooreenkoms soos vervat in die bepalings van Artikel 8(4)(f) van die Wet, sonder om enigsins aandag te skenk aan die bedoeling van die wetgewer soos vervat in Artikels 2 en 3 van die Wet.

Teenoor voormelde is die kontrak in die onderhawige geval duidelik nie ‘n tipiese skulderkenning soos wat daagliks in die handelswêreld gesluit word nie. Soos reeds vermeld, en wanneer gelet word op die aard en substansie van die kontrak en die bedoeling van die partye, is dit ‘n ooreenkoms wat die verhouding van die partye reël voortspruitend uit die ontbinding van hul gemeenskaplike sakebelange. Daarom, soos ook reeds bevind, is dit in die onderhawige geval na my mening, anders as in die CARTER TRADING-beslissing, wel noodsaaklik om op die bedoeling van die wetgewer, soos pertinent vervat in Artikel 2 van die Wet, saamgelees met die hele konteks van die Wet, te let by die oorweging van die vraagstuk of die onderhawige kontrak ‘n kredietooreenkoms binne die kader van die Wet daarstel, aldan nie.

[29] Verdermeer, en soos deur Mnr de Bruin uitgewys en betoog, was daar in die CARTER TRADING-beslissing ‘n skuld agterliggend tot die skulderkenning en waaruit die skulderkenning voortgespruit het, welke oorspronklike skuld opsigself ‘n kredietooreenkoms soos bedoel in die Wet daargestel het. Aangesien die skulderkenning nie ‘n novasie van die oorspronklike ooreenkoms ten opsigte van goedere verkoop en gelewer daargestel het nie, het dit, aldus die beslissing, bloot gedien as ‘n bevestiging ten opsigte van die oorspronklike verpligting wat ten opsigte van goedere verkoop en gelewer bestaan het. In die onderhawige geval stel die tersaaklike kontrak ‘n verbintenisskeppende ooreenkoms daar wat geensins slaan op ‘n voorafbestaande skuld of kredietooreenkoms nie. Dit kan dus na my mening nie geïnterpreteer word as synde ‘n

skulderkenning te wees soos wat die geval was in die CARTER TRADING-beslissing nie.

[30] Gevolglik is ek van mening dat die kontrak wat in die onderhawige geval die skuldoorsaak daarstel, nie ‘n kredietooreenkoms is soos bedoel in die Nasionale Kredietwet nie. Derhalwe was dit nie ‘n vereiste dat alvorens dagvaarding uitgereik is, ‘n aanmaning soos bedoel in Artikel 129 van die Nasionale Kredietwet aan verweerder uitgereik moes gewees het nie. Derhalwe is ek van oordeel dat hierdie verweer van verweerder nie ‘n bona fide verweer daarstel vir doeleindes van die afwering van summiere vonnis nie.

[31] Dit is 'n geykte beginsel dat ooreenkomstig die bewoording van Reël 32(5) 'n Hof steeds 'n diskresie het om nie summiere vonnis te verleen nie, selfs waar 'n eiser se vordering voldoen aan al die tersaaklike vereistes vir 'n geldige summiere vonnis aansoek en die verweerder nie 'n bona fide verweer aangedui het soos deur die Reël vereis nie. Sodanige diskresie moet egter judisieel uitgeoefen word, gebaseer op die feite voor die Hof, nie op arbitrêre- of spekulatiebasis nie, met inagneming van al die relevante omstandighede van die betrokke geval. Sien BREITENBACH v FIAT, supra, op 229 B – H en ook SOIL FUMIGATION SERVICES LOWVELD CC v CHEMFIT TECHNICAL PRODUCTS (PTY) LTD 2004 (6) SA 29 (SCA) op 34 I – 35 B. In laasgenoemde beslissing is daar voorts as volg op 35 B tot C beslis:

“With regard to the court’s overriding discretion to refuse summary judgment even where the defendant’s affidavit does not measure up to the requirements of Rule 32(3)(b), it has been said that, in view of the extraordinary and stringent nature of the summary judgment remedy, that discretion may be exercised in a defendant’s favour if there is doubt as to whether the plaintiff’s case is unanswerable and there is a reasonable possibility that the defendant’s defence is good”.

[32] Soos ter aanvang in hierdie uitspraak vermeld, het verweerder eventueel slegs volhard met die verweer dat die kontrak 'n kredietooreenkoms daarstel en dat die bepalinge van Artikel 129 van die Nasionale Kredietwet van toepassing is, welke nie nagekom is nie. Ek het reeds bevind dat die verweer nie 'n bona fide verweer daarstel soos deur die Reël vereis nie.

Wat betref Mnr Reinders se betoog ten opsigte van moontlike getuienis wat by die verhoor aangebied kan word, waarmee ek reeds in paragrafe 10 tot 13 hierbo gehandel het, meen ek dat ek ook nie op grond daarvan my diskresie ten gunste van verweerder kan uitoefen nie, juis in die afwesigheid van enige bewerings ten opsigte van wat hierdie moontlike getuienis mag behels. In die verband is daar as volg in PANSERA BUILDERS SUPPLIERS (PTY) LTD v VAN DER MERWE (t/a VAN DER MERWES TRANSPORT) 1986 (3) SA 654 (C) op p. 659 A – 660 D beslis, waarvan ek die gevolgtrekking op 660 C – D aanhaal:

“In order to exercise my discretion in favour of the Defendant I have to be satisfied that he contends bona fide that he has duly exercised the option. I am unable to reach that conclusion in the present circumstances where there is an absence of any allegations whatever that the option was exercised.

For the reasons set out above I have concluded that there is no sound reason upon which I should exercise my discretion in defendant’s favour. On the contrary, the evidence before me indicates to me that I would be doing the plaintiff injustice in so doing”.

[33] Na my mening bestaan daar dus nie twyfel dat die eiser se saak “unanswerable” is nie en is daar ook nie 'n redelike moontlikheid dat verweerder se verweer 'n geldige verweer daarstel nie. Gebaseer op die feite voor my is daar na my mening slegs een ander moontlike faktor wat oorweeg moet word, synde die feit dat, soos ter aanvang vermeld, eiser se saak gebaseer is op kontrakbreuk deurdat verweerder versuim het om die paaient ooreenkomstig die bepalinge van die kontrak aan eiser te betaal voor of op 1 Julie 2010, deurdat betaling daarvan eers geskied het op 6 Julie 2010. Op blote sigwaarde daarvan kan dit moontlik

geargumenteer word dat gegewe dat die tersaaklike betaling wel gemaak is, hoewel laat, dit 'n onbillikheid of ongeregtheid teenoor verweerder daar sal stel om onder hierdie omstandighede summiere vonnis te verleen. Dit stel egter na my mening nie 'n geldige basis daar op grond waarvan ek my diskresie ten gunste van verweerder behoort uit te oefen nie. Hoe hard of kras dit ook al mag wees dat die totale uitstaande bedrag verskuldig deur verweerder aan eiser opeisbaar en betaalbaar geword het bloot vanweë

die feit dat die tersaaklike paalement enkele dae laat betaal is, is dit ooreenkomstig die terme van die kontrak waarop die partye

ooreengekom het en waaraan verweerder gevolglik gebonde was. Dit is nie feite wat enige verskil aan eiser of verweerder se saak gaan maak indien die aangeleentheid op verhoor sou gaan nie.

[34] Gevolglik is ek van oordeel dat ek in die onderhawige geval nie eiser behoort of kan ontnem van 'n vonnis waarop hy geregtig is in omstandighede waar verweerder nie 'n geldige verweer teen die vordering het nie. Sien JOOB JOOB INVESTMENTS v STOCKS MAVUNTLA ZEK 2009 (5) SA 1 (SCA) op p. 11 G – 12 E

[35] Wat die koste betref, het hier geen rede bestaan waarom verweerder, as 'n onsuksesvolle party, nie die koste moet betaal op die skaal soos ooreengekom in die kontrak nie.

[36] Vir voormelde redes het ek die tersaaklike bevel verleen.

C. VAN ZYL, R

Namens die eiser: Adv JP De Bruin S.C

In opdrag van:

Hill, McHardy & Herbst Ing.

BLOEMFONTEIN

Namens die tweede verweerder: Adv SJ Reinders

Matsepes Ing.

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2010/173.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/hattingh-v-hattingh-unknown-topic-afshc-2010--6a3ea51e3b1caa912981517d>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria